# Monumente en gedenktekens op Weermagsterreine/Monuments and Memorials on SADF grounds

## MILITÊRE AKADEMIE SOLDATEMONUMENT

**Kapt P.L. Möller**

Op Woensdag 10 Desember 1980 is 'n hoogtepunt van die dertigste verjaarsdagvieringe van die Militêre Akademie bereik toe die Soldatemonument deur die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, Genl C.L. Viljoen SSA, SM, onthul is.

Hierdie 1,7 meter hoë bronsbeeld van 'n soldaat met seiluitrusting, gekleed in nutria, is deur maj Clifford Pols gemaak en voor die hoofgebou van die Eenheid opgerig. Die beeld toon 'n soldaat wat op die plek rus staan met 'n wapen in die regter- en 'n bybel in die linkerhand.

Met hierdie monument wil die Militêre Akademie sy makkers wat in diens van Suid-Afrika gesneuwel het, maar ook hulle wat nog in die toekoms ter wille van ons volk en vaderland die hoogste offer sal bring, in herinnering roep.

Hierdie gedenkteken dien egter ook as inspirasie vir die lede van die Militêre Akademie. Met lojale leiers en harde werk kon reeds baie bereik word, maar in die komende jare sal nog veel meer van elkeen van ons gevra word. Met bereidwilligheid en toewyding, asook met vertroue teenoor ons Skepper, sal ons egter die moeilikste take kan deurvoer.






Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 16, Nr 4, 1986. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Die Soldatemonument dien jaarliks as die middelpunt van 'n parade, waartydens Eerstejaarstudente, nuwe dosente en staflede ingehuldig word en na die aflegging van 'n belofte 'n Sakbybel en 'n Leiersboekie ontvang. Die belofte lui as volg:

"Ek beloof om,
as 'n lid van die Militêre Akademie
en die Suid-Afrikaanse Weermag,
doelgerig te leef,
onverskrokke te veg
en indien nodig,
selfopofferend te sterf:
vir God,
vir my volk,
en vir my land
Suid-Afrika."

Daar word dan op gepaste wyse hulde gebring aan die tien oud-lede wat reeds in die teeninsurgensiestryd die hoogste offer gebring het:

| | |
|---|---|
| Brig J.D. Potgieter, SM | – 4 Januarie 1976 |
| Lt I.T. van der Westhuizen | – 29 Februarie 1976 |
| Kapt G.J.J. Basson | – 3 Mei 1979 |
| Kapt J.C. van Wyk, HC | – 23 Mei 1979 |
| Lt J.J. du Toit | – 3 Desember 1979 |
| Lt C. de J. Muller | – 21 Mei 1980 |
| Lt J.J. du Toit, HC | – 10 Junie 1980 |
| Maj C.A. Briers | – 21 Maart 1981 |
| Kapt L. Harmse | – 25 Augustus 1981 |
| Kapt R.H. Liebenberg | – 20 Mei 1983 |



Gewyde oomblikke volg wanneer 'n lid van die Eenheid 'n krans aan die voet van die monument vir gesneuweldes lê, waarna die Stem van Suid-Afrika gesing word met die klem op die laaste refrein;

"Ons sal antwoord op jou roepstem
Ons sal offer wat jy vra
Ons sal lewe, ons sal sterwe
Ons vir jou Suid-Afrika!"

Daar is vyftien miniatuur beeldjies as replika van die Soldatemonument gemaak en is o.a. geskenk aan die naasbestaandes van die gesneuweldes wat met die onthulling van die monument vereer is.

Die totale koste vir die oprigting van die Soldatemonument het R6 500 beloop en is moontlik gemaak deur die ruim bydrae van instansies en lede van die Militêre Akademie.